

HOOFSTUK 2: DIE PROEFGEBOD EN SONDEVAL

1. Die proefgebod

Die mens bly in 'n plek wat deur die Here voorberei is. Dis 'n baie aantreklike plek, want daar loop vier riviere – die Pison, Gihon, Hedekel en Eufraat (Frat).

Daar was baie plante en baie soorte plante in die tuin. Die Here noem net twee:

- Die boom van lewe
- Die boom van kennis van goed en kwaad

Die boom van die lewe het die betekenis gehad dat dit gestaan het vir die ewige lewe. Vergelyk Genesis 3:22 (AFR1953):

Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!

Die Here het nie vir Adam en Eva verbied om van die boom van die lewe te eet nie. Maar die Here het hulle wel verbied om van die ander boom – die boom van kennis – te eet.

- Die Here het geen motivering gegee waarom hulle nie van die boom mag geëet het nie. Dit was bloot omdat God hulle verbied het om daarvan te eet.
- Die bedoeling van die Here was bloot dat hulle sou kwaad doen as hulle daarvan eet.
- So word die mens wat in 'n volmaakte wêreld geskape en gevestig is, in kontak gebring met die moontlikheid van die kwaad. God beveel hom om hom van die kwaad/sonde af weg te hou.

Dit noem ons die proefgebod.

- Dit het die mens op die proef gestel of hy hom gewillig aan die wil van God sou onderwerp.
- Dit het hom ook op die proef gestel om te wys dat hy dieselfde dinge “kwaad” sal noem wat God “kwaad” noem en so gehoorsaam sal wees aan die doel van sy skepping.
- As die mens dit sou doen, sou hy God as die enigste en ware Wetgewer erken.

Dit was nie vir die volmaakte mens 'n vernedering om aan God gehoorsaam te wees nie. Die mens sou dit wel as 'n vernedering ervaar het as hy sy verhouding met God verbreek het!

- Dan verskil die mens en God se waardes omdat die mens dan self outonoom wil wees.
- Dan ontstaan sy hoogmoed en selfoorskating.
- As die mens hierdie pad sou inslaan, sou hy die lewe verloor.

Die Here het die mens hierteen gewaarsku:

- Die Here het vir hom gesê dat hy sekerlik gaan sterwe as hy die dag van hierdie boom en sy vrugte eet.
- Die mens het toe die dood verdien – nie omdat die vrugte dodelik was nie, maar omdat die daad wat hy gedoen het dodelik was:
 - Hy het hom teen God verhef en homself as sy eie god verklaar met sy optrede.

Die proefgebod was dus werklik 'n toets waaraan die mens gehoorsaam kon wees of dit verwerp. Daar was nie weer 'n proefgebod vir enige gewone mens nie. Die enigste ander mens wat weer voor 'n proefgebod te staan gekom het, was Jesus Christus. Dis waarom Hy die tweede Adam genoem word. Hy het sy proefgebod onderhou – daarom kan Hy ons red.

2. Die aanslag!

Die versoeker kom in die gedaante van die slang. Hy is een van die diere wat by die mens 'n naam moes kry. Nou lees ons dat hy 'n intelligente dier is wat die vrou in die middel van die tuin ontmoet.

Die vrou skrik nie toe die ongewone gebeur nie. Of was dit die gewone? Die slang praat met haar. Die Bybel openbaar geen ontsteltenis of verbasing van die vrou se kant af nie. God kan diere laat praat – dink maar aan Bileam se donkie wat met hom 'n gesprek gevoer het!

Hoe weet ons dat die duiwel die handelende persoon is en nie die slang nie? Omdat die slang oor dinge praat wat ver bo 'n dier se vermoëns is: “wees soos God” en “julle oë sal oopgaan”. En nog meer dinge soos “nie sterwe nie”.

In die duiwel se aanbieding van sy saak kom ons agter dat hy met die skyn van die waarheid werk:

- Hy vra sy vraag oor die waarheid só dat dit die waarheid betwyfel.
- Hy beweer dat ons nie sal sterf nie. Natuurlik is dit waar, want die mens was geskape om ewig te lewe!
- Dan gaan hy verder: “Julle oë sal oopgaan.” Hy wil hê Eva moet dink dat sy nou dom is, maar dan baie slim gaan wees. Dis 'n verdraaide waarheid. Die waarheid is dat daar net genoeg insig sou kom om hulle nuwe ellendes te verstaan. Dus: 'n begrip om verkeerde dinge te doen (soos om te lieg en skuld te ontken) en 'n totale onverstaan van die reg van God. Inderdaad is dit 'n uitrede uit die reg van God uit – waarin hulle ingeskape was.
- Hulle sou soos God wees deur goed en kwaad te ken. Hierdie begeerte is suiwer hoogmoed! Daarmee het die satan sy eie hoogmoedigheid en sy verwronge lus om te wees wat hy nie kan wees nie op die mens oorgedra. Eva het dit dadelik gesnap en dit haar eie gemaak!
- Die uiteinde: Die mense se kennis wat hulle toe gekry het, was as gevolg van die kwaad waarin hulle geval het, terwyl God se kennis van goed en kwaad is omdat Hy die grense tussen goed en kwaad bepaal het!
- Dit wat die satan aan die mens voorgehou het, was dus 'n leuen!
- Die verdere gedeeltelike waarheid was dat God geweet het dat die mens se oë sal oopgaan as hy van die boom eet! Natuurlik is God alwetend, maar hier word die alwetendheid van God op so 'n manier voorgestel dat die mens die indruk het dat God dit gebruik om die mens te boelie en sy oë toe te druk sodat hy nie kan sien nie!

3. Die twee Paradysenare hou fees!

Dink hoeveel spanning was daar op daardie oomblik in die hemel en op die aarde. Wat gaan die vrou sê oor die uitleg en die aanbod (in die verleiding) van die duiwel?

Sy praat niks. Stilte. Sy kyk net. Sy sien mens kan die vrugte begeer. Sy sien die boom se vrugte makeer niks nie! Mens kan dit eet. Dis reg, want God het nooit gesê dat die vrugte iets makeer nie. Hy het gesê Hy gaan die mens straf as hulle daarvan eet.

Sy vat en eet en gee vir haar man by haar en hulle twee eet! 1 Timoteus 2:14 (AFR1953) verwys weer na hierdie oomblik:

En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.

Tog hou die Here hierdie sonde nie teen Eva nie, maar wel teen Adam. Hy moes gesorg het dat dit nie gebeur nie. Dis waarmee die Here hom vertrou het, en dis waarvoor die Here hom verantwoordelik hou en van hom rekenskap vra.

Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak

word; . . . (1 Kor. 15:22, AFR1953)

In hierdie stukkie geskiedenis openbaar die Here hoe dit nou verder in die geskiedenis sal gaan: Die duiwel gaan vir hom bondgenote werf uit die mensdom om die res van die mensdom tot 'n val te bring.

Die openbaringsmoment is dit: Die oomblik wanneer die mens sy verantwoordelikheid voor God vergeet, doen hy verkeerd. Dan is hy nie in staat om die doel waarvoor God hom geskape het na te kom nie.

4. Die tragiese gevolge ontplooi!

Alles is meteens anders. Vrede is weg. Geluk is weg. Die skuldgevoelens van die mens laat hom rondskarrel. Soos hulle God verraaai het, steek hulle mekaar nou in die rug, want hulle verplaas skuld na mekaar en na iets anders toe.

Die twee het dit besef. Hulle naaktheid pla hulle meteens. Tot nou toe het hulle nie die behoefte gevoel om hulle liggame vir mekaar te bedek nie. Was dit dalk hulle skaamte teenoor God as gevolg van hulle sondes wat meteens daar was en wat ook veroorsaak het dat hulle meteens skaam was vir mekaar? Hierdie behoefte aan bedekking was die bewys van hulle innerlike ontwrigting en skuldgevoelens.

Die gevolg was dat hulle nou kennis maak met die toorn van die Here en die ewige dood. Dink hier aan die Heilige Gees se woorde in Romeine 5:12 (AFR1953):

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.

5. Die vonnis

Waar die omgang (gemeenskap) met God vroeër 'n heerlike ervaring was, word dit nou 'n verskriklike ervaring. Hulle gaan kruip weg. Die neiging is dieselfde:

- Teenoor mekaar het hulle hulle lywe probeer wegsteek.
- Teenoor God steek hulle hulleself heeltemal tussen die bome weg!

In hierdie gedeelte openbaar die Here 'n baie belangrike wesenseienskap van Homself: Hy soek altyd die sondaars op om aan hulle genade te bewys! (Later het die Here byvoorbeeld dieselfde met Kain gedoen!)

Die Here konfronteer die man! Hy is die verantwoordelike persoon. Al wat hy doen, is om sy vrees te bely. Soos ons van toe af geword het, is hy te eiegeregtig om die rede vir sy vrees te bely. Hy wil nie sê hy het sonde gedoen nie. Die Here moet dit uit hom uittrek!

Die mens staan voor die Regbank en die hoogste Regter vra: “Wie het jou te kenne gegee dat jy kaal is? Waar het jy aan hierdie kennis gekom?”

- God weet baie duidelik wie staan agter die hele toestand wat nou daar heers.
- Maar God soek die antwoord in die mens se belydenis oor die saak!
- Die Here skep geleenthede om met berou tot belydenis te kom. “Het jy geëet . . . ?”
 - Adam kon dit net eenvoudig erken het. Maar hy doen dit nie.
 - Hy het meteens die kennis van slinksheid by die duiwel opgedoen en hy probeer 'n kat-en-muis-speletjie met die Here speel.
 - Hy verskuif die skuld na die vrou en na God toe. God het die vrou daar aangedra!

Dan kry die vrou haar beurt. Sy vaar bietjie beter as die man! Sy verplaas ook die skuld, maar sy erken dat sy geëet het!

Daarna kry die slang sy beurt. Hy word niks gevra nie. Hy word net alles vertel! Hy word vervloek onder al die diere van die veld. Vir die dier wat aanvanklik die skranderste was, is dit die grootste vernedering.

God gaan voort met sy straf. Hy stel vyandskap tussen die twee stalle skepsels wat nou daar saamgespan het. Voortaan sal slange mense pik en mense sal slange doodmaak. Aan hierdie vernietigende vriendskap maak die Here 'n einde! **Die uitspraak is simbolies om die toekomstige verhouding tussen die duiwel en die mensgeslag te teken.**

Vir die man word die vonnis baie, baie skerp in drie bene uitgespreek:

- Vervloek is die aarde om jou ontwil. Die val van die mens het gevolg vir die hele aarde!
- Met moeite sal jy daarvan eet! Die klem lê op die *met moeite*. Ons werk (arbeid) is nou ook vervloek. Niks gaan meer maklik gebeur nie. Dit sal met sweet (uitputting) gepaard-gaan.
- Tot stof sal jy terugkeer! Daar is die woorde van die doodstraf wat deur die satan ontken is! In plaas daarvan dat die mens God word, word hy stof! Hoe ellendig en jammerlik is die gevolge van hierdie belofte waarmee hy belieg is!

As 'n aanhangsel by die man se straf kry die vrou 'n persoonlike straf vir haar aandeel. Wanneer sy geboorte gee, gaan dit pynlik wees.

Daarmee is die vonnis gevel. Om fisies daaraan uiting te gee (met 'n profetiese betekenis!) jaag die Here die twee uit die Paradys uit en Hy verseker dat hulle nie weer toegang daartoe sal hê nie.

Let op dat die Here iets anders doen om sy genade fisies te wys: Hy maak vir hulle klere. Hy bedek hulle skande!

Voorlopig is hulle lewens gespaar – sodat die mensgeslag kon voortgaan om God se belofte dat die Verlosser uit hulle gebore sal word, waar kan word.

So stap die twee daar uit die tuin uit. Adam gee dadelik sy vrou 'n nuwe naam: Eva. Daarmee gryp hy die genadebelofte van God aan dat daar in die vonnis ook genade is! Sy word die moeder van alle mense wat lewe. Sy word die een uit wie die Here Jesus, God se eie Seun, gebore sou word.

6. Die werkverbond

God het die werkverbond voor die sondeval opgerig met Adam as die hoof van die menslike geslag.

- Dit word die werkverbond genoem omdat die mens deur sy werke die ewige lewe kon verkry.
- Die eis van die verbond was gehoorsaamheid aan die proefgebod (Gen. 2:17).
- Die belofte van die werkverbond was die ewige lewe. Adam het die werkverbond deur sy oortreding van die proefgebod geskaad.
 - Hy het dit inderdaad verbreek, want die belofte van die werkverbond het daarmee verstryk.
 - Gevolglik het die weg tot saligheid deur die werkverbond tot niet gegaan. Geen mens kan nou deur sy werke die saligheid verdien nie.
- Met die verbreking van die werkverbond het God se straf, naamlik die dood, ingetree. Adam se skuld word nou aan sy nakomelinge toegereken (1 Kor. 15:21,22).
- Die eis van die werkverbond, naamlik die gehoorsaamheid, het egter nie verval nie. Daar is geen

gerechtigheid as daar nie ook voldoening is ten opsigte van die oortreding nie.